'N VOLK WAT DEUR PARTYE VERDEEL WORD WAT TEEN MEKAAR BEUR, KAN NIE BEWEEG NIE.

Die O.B.

WANNEER DIE VOLK ALMAL SAAMTREK IN EEN SPAN, SAL DAAR VOLKSBEWEGING WEES.

VIERDE JAARGANG. | WOENSDAG, 3 OKT. 1945. | No. 45.

# IMPERIALISTIESE DOEL VAN STALIN OP DIE LAPPE

## UITROEIING WORD MAATSTAF VIR DEMOKRASIE

***Tydens die samesprekings tussen die ministers van die groot moondhede in Londen, wat beskryf is as die eintlike vredeskonferensie, het Rusland met sy ware imperialistiese oogmerke voor die dag gekom. Die Britse pers wat gedurende die oorlog almal doodgeverf het as „kwaadstokers" wat enige bedenking teen Rusland ingebring het, moet nou uiteindelik ook erken dat Rusland imperialistiese oogmerke het, wat hy verberg agter 'n sogenaamde strewe na selfbeveiliging.***

Ook in ons land het die Engelse pers voortdurend aan sy lesers beduie dat Stalin nou eintlik met 'n stralekrans omgewe is. Hy is 'n soort heilige wat slegs die welvaart van die wêreld en sy inwoners beoog, en met sy uitgestrekte grondgebied nooit sal droom om imperialistiese uitbreiding nie. Hy is maar net die slagoffer van Duitse agressie, 'n kameraad waardig om by in te hak.

Maar in Londen het Molotof baie duidelik te kenne gegee dat Rusland nie tevrede is om hom te beperk binne die nagenoeg 6.000,000 vierkante myl van sy grondgebied nie (vergeleke met ongeveer 226,000 vk. myl van vooroorlogse Duitsland) en ook nie tevrede is om die helfte van Pole by hierdie kolossale gebied te voeg tesame met dié van die Oosseestate en 'n deel van Finland nie, **maar dat hy verder ook nog aanspraak maak op onbeperkte seggenskap in die Balkan-lande waar hy kommunistiese regerings op die volke afgedwing het, en les bes op Italiaanse kolonies in Noord-Afrika en mede-seggenskap oor die toegange tot die Middellandse See!** Hierdie eise groei elke dag aan, en 'n deurgang deur Persië is een van die jongstes.

### VERBYSTEREND

Hierdie aansprake is so verbysterend dat dit selfs die linksgesinde pers in Engeland laat oogknip het. 'n Korrespondent van een van die Kaapstadse Engelse blaaie berig in die verband as volg:

**„Selfs linksgesinde intellektuele weekblaaie wat voorheen enige kwaaie verwysing na Rusland bejeën het as 'n sonde teen die lig, begin nou twyfel uitspreek teen ,heilige Rusland' ".**

En die Cape Argus, wat dikwels self Rusland as 'n heilige voorgehou het, skryf nou as volg:

„Die moeilikheid lê by die Russe, wat, snaaks genoeg, nie van mening is dat hulle te blameer is nie. Sowjettegniek is nou al bekend. Sodra 'n naburige land binnegetrek word, word alle Nazi-agente en ondersteuners gelikwideer. Individue wat Moskou goedgesind is, word aan bewind gestel, en 'n voorlopige regering wat die vertroue van die Sowjet het, word geleidelik ingevoer, of die bestaande administrasie word in ooreenstemming met Russiese opvattings gewysig. **Die proses word „demokratisering" genoem, en die resultate word as oorwinnings vir vryheid toegejuig wat die goedkeuring van die Verenigde Volke behoort weg te dra. Maatreëls word getref vir die hou van 'n verkiesing, maar ook hier word deelname daaraan beperk tot die mate van goedgesindheid waarmee die Russies-aangestelde bewind bejeën word.**

„Dit is natuurlik (voorheen was dit vir hierdie blad nie so natuurlik nie — Red.) duidelik dat wanneer die Russe en die Angelsaksers van demokrasie praat, hulle nie dieselfde bedoel nie". Tot sover die Argus.

### DEMOKRASIE

In die woorde van 'n Sowjetkoerant verstaan Rusland onder demokrasie die volgende: **„Die land wat met die grootste volharding veg vir die uitwissing van alle oorblyfsels van fascisme, moet as die mees demokratiese beskou word".**

Die Engelse, met hul begrip van partypolitiek, dring daarop aan dat daar ook 'n opposisie moet wees anders kan daar geen sprake van demokrasie wees nie. Hierop het die Russiese pers ewe koelbloedig geantwoord:

„Op die argument dat daar geen demokrasie sonder 'n opposisie kan wees nie, antwoord ons: Ons stem saam, maar veronderstel daar is geen opposisie nie? Moet daar dan een opgesit word? Onder die Sowjet-demokrasie is daar geen opposisie nie omdat daar geen grondbesitters en kapitaliste is nie, en daar kan ook nie wees nie, want die Sowjet-stelsel het die grondslag vernietig waarop dit kon verrys het".

En in hierdie verband herinner 'n mens jou aan Stalin se eie definisie van demokrasie, nl. **dat dit beteken demokrasie vir die proletariaat en diktatuur vir die burgery. Daarby moet in ag geneem word dat die kommunistiese party bepaal wie 'n proletariër is en wie 'n fascis — die nuwe woord vir „burgery".**

## Kommuniste Wen In Frankryk

Die Kommunistiese en Sosialistiese partye het met die provinsiale verkiesings geweldige vooruitgang in Frankryk getoon. Toe ons ter perse gegaan het, was nog net die uitslag bekend van die 1,352 kiesafdelings waarin eerste gestem is. Daar was nog 1,434 uitslae uitstaande. Tot sover het die linksgesinde partye reeds 210 meer setels verower as met die laaste verkiesing kort voor die oorlog. Die konserwatiewe groepe daarenteen het met byna 300 setels agteruitgegaan.

Volgens Reuter is hierdie verkiesings 'n beter weerspieëling van die Franse politieke mening as die munisipale verkiesings van 'n tyd gelede.

### MAAK U EIE KUNSBOTTER

**Hoe om kunsbotter te maak — sommige noem dit „Margarine". —** Neem een pond „Pastrine" en meng daarmee baie goed die geel van twee hoendereiers wat eers goed opgeklits is, meng dan in sout na smaak. Sorg dat dit goeie fyn sout is. Die mengery is baie gou met 'n botterspaan of groot mes. Smeer op brood en oortuig uself dat u lekker botter op die brood het. Die kunsbotter is nie goed vir eiers bak, ens. nie.

## H.N.P. GAAN NOU OOK OPTREE MET AFWEERGROEPE

**Die H.N.P. het besluit om spesiale „strydspanne" in die lewe te roep om vergaderings te beskerm aan die Rand. Die lede van hierdie strydspanne sal uit die geledere van sowel die H.N.P. as sy jeugvertakking gewerf word.**

Die voorsitter van die H.N.P. aan die Rand, mnr. Ben Schoeman, het 'n rondskrywe aan alle takke gerig waarin hy 'n dringende beroep op hulle doen om onverwyld oor te gaan tot die organisering van die strydspanne. Hy verklaar dat die Eerste Minister die versekering gegee het dat wet en orde gehandhaaf sal word, **maar die pogings om dit te doen tydens die kongres van die H.N.P. in Johannesburg, was nie baie geslaagd nie.**

Hy beklemtoon dat die strydspanne verdedigend sal optree en nie aanvallend nie. Hulle sal geen moleste van die kommuniste duld nie.

## Pole Wil Kerke Ontbind

Die vyandskap van die kommunisme teen die godsdiens, wat tydens die oorlog met inspanning verberg is, begin sy kop al dadelik ná die vrede uit te steek. 'n Engelse dame wat die besetting van Pole deur Rusland meegemaak het, het geopenbaar dat die Russe nie die kerke sonder meer gesluit het nie, maar hulle met sulke hoë belastings opgesaal het, dat die arme gemeentes dit nie kon bybring nie. **Dan het die Russe beslag op die kerkgebou gelê met die verskoning dat die gemeente dit nie meer wil hê nie, want hulle is nie eens bereid om belasting daarvoor te betaal nie!**

Nou word berig dat die Poolse regering, wat eintlik maar niks anders as Stalin se skoothondjie is nie, die verdrag met die Vatikaan opgesê het. 'n Woordvoerder van die regering het gesê dat hulle ten gunste is van „godsdiensvryheid", maar ook ten gunste van die ontbinding van die kerk. Alle opvoedkundige inrigtings word deur die staat oorgeneem.

## V.S.A.-Generaal Buit Private Besitting

Die **Forum** kom met 'n portret op sy buiteblad wat die Amerikaanse generaal Patch toon waar hy Herman Göring se maarskalkstaf, met diamante en ivoor beslaan, aan pres. Truman toon as „sy oorlogsbuit". **Hierdie maarskalkstaf is Göring se private eiendom, net soos 'n mens se sertifikate jou private eiendom is. Maar dit word van hom weggevat deur 'n generaal van die Amerikaanse leër as „oorlogsbuit"!**

Ons het baie moes verneem hoe Göring museum-stukke sou „gebuit" het, wat later diep onder die grond in Salzburg ontdek is. **Die gedagte dat hierdie waardevolle stukke van oorlogsvernietiging gevrywaar is, mag natuurlik nie die giftige ink van Geallieerde gruwelkorrespondente verdun het nie.** Die Britse pers kon darem in elk geval nie een enkele geval berig waar Göring 'n ring of horlosie elders gebuit het nie. **Dog daar word wel berig van 'n Amerikaanse generaal wat Göring se private veldmaarskalkstaf gebuit het. Hy kon net so wel sy horlosie of 'n goue tand van hom gevat het.**

## Noodhulpfonds

Mev. G. W. de Jongh, van Porterville, skryf:

„Hiermee wil ek graag my innige dank betuig aan die O.B.-Noodhulpfonds wat my en my gesin so getrou ondersteun het gedurende die jare van my seun se internering.

„Mag God dié wat daarvoor gesorg het, ryklik seën."

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10. HUGENOOT, K.P.

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE KOPER
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en on middellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 84
BEAUFORT-WES.

'N MOOI LEERSAK
is baie belangrik
by u uitrusting.
Kry dit by
Steyns
Die Dames-Winkel
PAROW

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK
VIR ALLES
SONOP
BLOEMFONTEIN
DIE WINKEL
MET 'N IDEAAL

# Vakbondwese Moet van Kommuniste Gesuiwer Word

## Politieke Ondermyning Van Egte Werkersorganisasies

**Die taak van die Ossewabrandwag ten opsigte van die suiwering van die Suid-Afrikaanse arbeidswêreld neem steeds duideliker en helderder vorm aan. Die Afrikaanse Volksbeweging glo dat die beroepe van die volk verteenwoordig moet word in die regering van die land. Te dien einde beywer die O.B. hom vir egte beroepsorganisasies. Die noodsaaklikheid vir hierdie beywering is geleë in die feit dat talle vakbonde van werkers nie egte beroepsorganisasies is nie, maar kommunistiese propaganda-unies geword het.**

Die Ossewabrandwag is die vriend en bondgenoot van die werkers. Hy wil die werkers 'n beter en doeltreffender wapen teen kapitalistiese uitbuiting in die hand stop as die onderhandelings- en stakingswapen waartoe hulle onder die parlementêre stelsel hulle toevlug moet neem. Die Ossewabrandwag wil aan die werkers die bestuurlike wapen gee: d.i. direkte seggenskap in die regering van hul land. Daarom beskerm en help die O.B. alle vakbonde, wat egte werkersorganisasies is, in soverre hulle hul uitsluitlik toespits op die bevordering van die werkers se belange en nie optree ter wille van politieke bybedoelings nie. Daarom ook wil die O.B. die arbeidswêreld suiwer van alle elemente wat die werkers se vakbonde vir politieke doeleindes misbruik (meestal kommunistiese doeleindes).

### KIES KANT

Ooreenkomstig sy beleid het die O.B. onmiddellik kant gekies vir die Klerewerkersunie van die Kaapse Skiereiland en teen die Johannesburg se kommunis, Solly Sachs, in laasgenoemde se pogings om die Kaapse Klerewerkersunie, wat 'n egte en bona fide vakbond is, te kom vernietig. In Die O.B. van 1 Augustus is Sachs dan ook aan die kaak gestel en is die Kaapse Klerewerkersunie in hul stryd onderskraag.

Hierdie optrede van Die O.B. het Sachs se unie aangegryp as die afspringplek vir 'n venynige aanval in 'n pamflet wat by die duisende versprei word, op mnr. Stuart, hoofsekretaris van die Kaapse Klerewerkersunie, en op die Ossewabrandwag.

Die Kaapse Unie het geantwoord met „'n Ope Brief wat die Ware Feite Voorlê aan die Klerewerkers van Transvaal" en mnr. Stuart self het sy saak gestel in 'n waardige en verpletterende „Reply to and Exposure of the Distortions, Misstatements and Methods of Solly Sachs".

Hierdie twee uitgawes bevat gegewens wat vir vele 'n openbaring sal wees van praktyke wat in ons arbeidswêreld voorkom.

### WANVOORSTELLINGS

Ten aansien van die Ossewabrandwag bevat die pamflet gruwelike wanvoorstellings en verdraaiings; owerigens getuig dit van vrees en paniekerigheid. Ten aansien van die O.B. se begeerte om huis skoon te maak in die arbeidswêreld en die kommuniste daaruit te boender, openbaar die pamflet 'n histeriese vrees. Dit word o.a. nodig gevind om die leuen aan die werkers te vertel dat die O.B. se „huisskoonmaak" sal beteken „diktatorskap, terrorisasie van werkers, tronke en konsentrasiekampe vir werkers en leiers van vakbonde".

Aan skewe voorstellings van hierdie aard, wat die wêreld ingestuur word met blikkerige lawaai, steur die O.B. hom nie. Hy gaan voort met die verkondiging van sy beleid, die aanvaarding waarvan dringend noodsaaklik is vir die beskerming van die vakbondbeweging as sodanig en vir die beveiliging van die belange van die werkers.

### WINKELKLERKE

In hierdie na-oorlogse dae waarin ons leef, is dit weereens die werker wat die kwaaie naweë van die oorlogsverwoesting die gevoeligste ervaar en hierdie ervaring sal toeneem namate die naweë ellendiger word. Om hierdie rede juis is dit niks meer as reg dat besondere aandag geskenk moet word aan die werker en sy probleme.

In die lig van Solly Sachs se bedrywighede onder die klerewerkers in Kaapstad, is die Minister van Arbeid se optrede t.o.v. die winkelklerke alhier baie betekenisvol. Vir laasgenoemde werkers bestaan daar 'n organisasie, nl. die National Union of Distributive Workers, wat sterk kommunisties gekleurd is. 'n Groep werkers in Kaapstad het 'n skoon unie, nl. Commercial Staffs, gestig. Hierdie unie is na lang gesukkel eindelik geregistreer deur die Registrateur van Vakbonde; maar op aandrang van die N.U.D.W. het die Minister van Arbeid die unie gederegistreer! Die N.U.D.W. sou dan glo getalsterker wees as Commercial Staffs!

### 'N DRUPPEL

Ten opsigte van die Klerewerkers is die feite dat Solly Sachs 'n nuwe organisasie in Kaapstad kom stig het wat, ten aansien van getalle, soos 'n druppel met 'n emmer water vergelyk, teenoor dié van die Kaapse Klerewerkersunie. Waarom steek die Minister van Arbeid, mnr. Madeley, dan nie ook 'n stokkie voor Sachs se ondermynende bedrywighede in Kaapstad nie? Is mnr. Madeley die beskermengel van kommunistiese vakbonde? So ja, dan is hy nie die vriend van die werkers nie.

In die arbeidswêreld is 'n suiwering dringend noodsaaklik; òf mense met kommunistiese bybedoelings moet deur wetgewing uit die vakbondbeweging verban word, òf die bestaande arbeidswetgewing moet sodanig verruim word dat egte en skoon vakbonde gestig kan word in opposisie teen die kommunistiese propaganda-unies. As dit nie gebeur nie, sal die duisternis wat vir die afgelope 30 jaar al oor ons arbeidswêreld hang, nog dikker word. Vandag word die werker met lapwerk en aalmoese tot brekens toe oorgehaal, in die hoop dat die boog sal kraak en kragte sal loslaat wat hierdie of daardie groep politieke opportuniste kan aanwend vir hul eie doeleindes.

Die O.B. wil skoon vakbonde hê wat sal uitstoot in die landsregering. Daarom staan hy aan die spits van die suiwering van ons arbeidswêreld.

## Wes-Gamka Vier O.B.-Dag

Die Manne- en Vrouekommando's saam met die Boerejeug dogters van Wes-Gamka, Beaufort-Wes, het ons O.B.-dagfunksie eers op 15 Sept. gehou op Spes Bona, die plaas van adjudant A. le Grange. Die opkoms was baie goed. Ons het die voorreg gehad om hfkomdte. mev. ds. Brink, van Sutherland, by ons funksie te hê. Ons verrigtinge het begin met die vlaghysing deur die O.B.-wag. Die openingsrede is gehou deur genl. H. du Toit en 'n gebed is deur mnr. P. de Vos gedoen. Hfkomdte. mev. Brink het 'n baie besielende toespraak gelewer, waarin sy veral beklemtoon het dat ons die ou tradisies en gewoontes van ons voorouers moet bewaar en dat ons die leuse van ons Beweging moet uitlewe, sodat ons al die eer aan ons Opperste Leidsman kan gee. Sy het baie mooi met die Boereseuns en -dogters gepraat, en veral klem gelê op die sedelike reinheid van ons jeug wat rein bewaar moet word vir die nageslag.

Die mooi bedrag van £64.15.0 is ingesamel — £10 meer as verlede jaar. Daar is nog geld uitstaande en ons hoop om die bedrag op te skuiwe na £70. Van die bedrag het die Boeredogters £6 ingesamel — 'n mooi prestasie vir hul eerste poging. —(Ingestuur.)

Volkseenheid is die Afrikaner se grootste begeerte. Daarom is die politieke partye se name die „Verenigde Party" en die „Herenigde Party". Ongelukkig weerspreek die woord „party" — wat net 'n deel van die volk veronderstel — die mooi naam van eenheid.

BOERE!

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

- BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

PRINSIPAAL
BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
POSBUS 180 STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 3 OKT. 1945.

# Dit Kan Ook Te Laat Wees

Dit is nie ons doel om uit die gebeurtenisse tydens die H.N.P.-kongres in Johannesburg leedvermaak te suig nie. Daarvoor is die toestande te ernstig. Eweneens is dit nie ons doel om hierdie voorval holrug te ry nie, maar die geleentheid bied hom nou om 'n paar lesse wat dit ons geleer het, deeglik te herkou.

Dit sou vir ons baie maklik gewees het om op kleinlike wyse nou die tong vir die H.N.P. uit te steek en te roem dat ons reg was en dat hulle dit nou op die kop gekry het omdat hulle nie na O.B.-raad wou luister nie — soos ons gewoond is in die partypolitiek. **Dit is egter nie 'n kwessie van wie reg was en wie verkeerd nie, maar 'n kwessie van te herstel wat verkeerd is.** En met die oog daarop wil ons 'n paar punte in verband met die voorval beklemtoon.

Vier maande gelede het die O.B.-leier met die oë gerig op die rampokkery in kommunisties-verpeste Europa gewaarsku dat in ons land dieselfde wanordelikhede dreig. 'n Vergadering van duisende naturelle en Jode het 'n paar dae tevore gedreig dat hulle die O.B.-leiers aan lamppale sou ophang net soos met Mussolini gedoen is. **Geweld is die geloofsbelydenis van die kommunisme — sy evangelie is wêreldrevolusie met bloedvergieting en likwidering. Geen staatsman durf dus sy oë sluit vir hierdie gevaar nie.** Al sou die staat na 'n paar dae enige kommunistiese oproer met sy leër kan onderdruk, kan dit nog te laat wees om duisende onskuldige burgers se dood te verhoed. **En waar diegene wat belas is met die handhawing van wet en orde nog ere-leiers van die kommunistiese beweging is, spreek dit vanself dat die gevaar soveel groter is.**

## HET HOM BESPOT

Dit is dus geen ydele woordverkwisting wanneer 'n leier die volk aanraai om self stappe te doen om sy lewe te verdedig teen dreigende kommunistiese geweldpleging nie. **Dit het dr. Hans van Rensburg vier maande gelede gedoen, en daarvoor is hy met spot en verguising begroet veral uit kringe van die H.N.P.-leiding.**

Vandag erken ook hierdie leiers dat hulle genoodsaak is om hulself te verdedig of te kapituleer voor die kommunisme — dat hulle ook strydspanne in die lewe moet roep om wet en orde te handhaaf. Ons is nie bereid om te glo dat die H.N.P.-leiding vier maande gelede nie ook hierdie mening toegedaan was nie, want dit sou hulle met soveel kortsigtigheid krediteer dat die Johannesburgse onluste hulle tot algehele onbekwaamheid verdoem. **Ons glo eerder dat hulle te koppig was om te erken dat die O.B. se standpunt reg was, en toe maar die geleentheid aangegryp het om politieke munt uit die O.B.-beleid te slaan** — 'n blote roetine-werk in die partypolitiek, dog 'n onvergeeflike sonde vanuit die volksoogpunt beskou. Dit is mos immers die roeping van die partypolitiek dat die een party die ander voortdurend moet dood kritiseer.

## KAN ERGER WEES

Maar hoe noodlottig kan die gevolge van so'n partypolitieke koppigheid nie wees nie! **Die H.N.P. moes die aftog blaas voor die oproermakers en kon sy werk nie afhandel nie — al was die werk, in die woorde van sy hoofleier, maar net om propaganda te maak.**

Hierdie onluste kon egter baie ernstiger gewees het — en kan dit nog wees. **Die H.N.P.-leiding se inkeer sou dan te laat gewees het om 'n bloedbad te voorkom, en hy sou nog die verantwoordelikheid moes dra dat hy 'n ander organisasie in die wiele probeer ry het wat sulke dinge vroegtydig wou voorkom. Dit alles net die gevolg van partypolitieke naywer, wat wel geoorloof is binne die partystelsel, maar noodlottig kan wees van uit die volksoogpunt beskou.**

Daarom het die O.B. nog steeds — en tesame met sy afweergroepe — verkondig dat ons die kommuniste ook op konstitusionele wyse moet aandurf, nie as enkele politieke partye wat wedywer teen mekaar om die kussings te verower nie, maar as 'n volk, gemobiliseer in 'n volksfront wat sterk genoeg sal wees om kragdadiglik teen enige gevaar op te tree en betyds aan bewind te kan kom.

## MISKIEN TE LAAT

Die H.N.P. mag moontlik hierdie raad nog verwerp — net soos hy die ander tot sy eie skade en skande vier maande lank verwerp het — en hy mag hoop om nog eendag alleen die regeringskussings teen ander mede-Afrikaners te verower, maar die vraag wat die volk en die H.N.P.-leiding homself moet stel, is: **Sal hierdie bewindsverowering nie dalk te laat geskied, net soos die H.N.P. 'n bietjie laat ontdek het dat die O.B. se beleid van 'n buiteparlementêre optrede teen kommunistiese rampokkery ook 'n noodsaaklikheid is nie?**

Wanneer 'n volk se lewe op die spel is, mag daar nie waagstukke aangevang word nie. Laat ons daarom alle eie-belang opsy skuif en ons BETYDS saamsnoer in 'n volksfront wat 'n oorwinning vir die volk beoog en nie vir 'n individuele party nie.

# Is Polisie In Bande Gelê Deur Kommuniste se Ere-President?

**In 'n ontleding van die kommunistiese oproer in Johannesburg voorverlede week kom Die Transvaler tot die gevolgtrekking dat die polisie in bande gelê is om behoorlik teen die boewe op te tree. As 'n mens onthou dat dr. Colin Steyn, die Minister van Justisie, ook ere-hoof is van die Sowjet-vriende van Suid-Afrika, kom die vraag op of hierdie feit in verband staan met die beperkings op die polisie.**

Die Transvaler kom met die volgende feite voor die dag:

„In hierdie verband moet op nog iets gewys word. Dit is dat die polisie geweldig aan bande gelê is in die beskerming van die publiek en van hulself. Keer om keer kon aanskou word hoe 'n konstabel deur 'n eier of 'n baksteen getref word, maar nie sy aanrander te lyf kon gaan nie omdat die nodige bevel nie deur offisiere wat daarby was, gegee is nie. Waarskynlik kon hulle dit nie ingevolge hul opdragte gee nie. Lede van die publiek, vrouens sowel as mans, is soms tot skywe van eier-aanvalle en die gemeenste skeldtaal gemaak deur 'n lid van die gespuis wat net langs 'n konstabel staan: Laasgenoemde moes dan — seker met jeukende hande — dit aanskou, magteloos om in te gryp omdat die bevel ontbreek het.

„Dit is verder opvallend dat, terwyl die aanhitsing openlik plaasgevind het, en die woeste resultate van die aanhitsing daar was, **nie 'n enkele arrestasie plaasgevind het óf voor die opstootjies om dit te verhinder óf gedurende die oproerigheid nie.** Hoe word dit verklaar? Sou dit die geval gewees het as 'n klompie jong Afrikaners so opgetree het teen 'n regeringskongres?

„Die enigste afleiding wat die publiek van Johannesburg maak, en hierdie opvatting word ruimskoots gelug dwarsdeur die stad, is dat daar 'n bevel was van min. Colin Steyn, as Minister van Justisie, dat die polisie nie hard mog optree teen die betogers nie en dat hulle nie die geweldenaars mog vang met die oog op verhoor en straf nie. Indien dit waar is, dan is die Regering deur sy Minister in nog hoër mate verantwoordelik vir die gees van wanorde wat versprei word, en vir die onaeregtigheid waarmee 'n groot gedeelte van die volk bejeën word, as wat vermoed is. Die vraag moet dus beantwoord word: **MIN. COLIN STEYN, WATTER OPDRAGTE HET U, OF IS NAMENS U, GEGEE IN VERBAND MET HIERDIE GEBEURTENISSE?"**

## Prof. Wiid

**Dit spyt die redaksie innig om te moet aankondig dat die baie gewilde artikels van prof. J. A. Wiid oor buitelandse aangeleenthede vir die res van die jaar nie meer sal verskyn nie, omdat prof. Wiid weens drukke werksaamhede gedwing is om sy waardevolle bydrae te staak.**

## Slegte Gedrag Van V.S.A.-Soldate

Die onsedelike gedrag van Amerikaanse soldate in besette Europa het 'n Amerikaanse joernalis se pen in beweging gebring. Hy is die korrespondent van die New York Times en berig as volg:

„Die gedrag van die Amerikaanse soldaat en sy offisiere het so versleg in Wes-Europa dat verantwoordelike mense baie besorgd is daaroor. Dieselfde manne wat die reg verdien het om die land se beste ambassadeurs genoem te word toe hulle geveg en hard gewerk het, veroorsaak nou op hul eie die ergste vyandskap in Frankryk, België en Nederland. Een Belg het hom die volgende opmerking laat ontval: **„Hulle behoort te leer om ons land te respekteer, al het hulle geen selfrespek nie'".**

Die koerant M.P. verklaar: **„Die agteruitgang in die sedes van die Amerikaanse soldaat mag eerlang 'n skrikwekkende afmeting aanneem".**

## Hulp Verleen

Mev. D. S. Roos, van Witrivier, skryf as volg aan die sekretaris van die Noodhulpfonds:

„Hiermee wens ek u weer van harte te bedank vir die tjek en alles wat u in die verlede vir ons gedoen het. U fonds doen Christelike werk en ons glo dat Christus se seën altyd op u pogings sal rus.

„Ons wil u nou vra om nie meer 'n toelae aan ons te stuur nie, aangesien daar beter vooruitsigte vir ons voor die deur staan. Ons hoop en vertrou dat die Voorsienigheid ons binnekort in die posisie sal stel om weer te gee en nie te neem nie.

„Nogmaals hartlike dank vir alles wat u en andere vir ons gedoen het."

**HELDEDAG**

**word deur DIE OSSEWABRANDWAG gevier**
in die
**HOFMEYRSAAL — KAAPSTAD**

**op Woensdag, 10 Oktober 1945**
om 8 n.m.

**„MAGRIETHA PRINSLOO"**
word deur die
**Remskoen-Toneelvereniging**
opgevoer.
**Kort toespraak deur Dr. P. J. COERTZE.**

ALMAL WELKOM!

# Dr. Colin Steyn Wil Selfverdediging Belet

## Slaan Nou Met H.N.P.-Stok

Die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, het 'n waarskuwing in die pers uitgespreek dat hy nie die stigting van strydspanne sal gedoog nie. In 'n persoonderhoud het hy hom as volg uitgelaat oor die besluit van die H.N.P.-leiding om strydspanne in die lewe te roep as verdedigingsmaatreël teen kommunistiese geweldpleging:

„Dit skyn of sommige mense nog nie ten volle besef dat die oorlog beslis en volkome deur die demokrasie gewen is nie. Ons in Suid-Afrika is tesame met ander Verenigde Volke vasberade dat die vrugte van hierdie oorwinning behoue sal bly, nie net vir ons nie, maar ook vir die geslagte wat kom.

**„Geen demokratiese regering in Suid-Afrika kan vir een oomblik nie-amptelike leërs en strydspanne toelaat wat blykbaar op dieselfde beginsel as Hitler se stormtroepe sal werk nie. Sulke organisasies sal nie deur die regering geduld word nie, en stappe sal gedoen word om op te tree teen enige poging om sulke buitengewone organisasies in die lewe te roep."**

Ten slotte het dr. Steyn die anti-oorlogsgesindes gemaan om nie onnodig uittartend te wees nie. Hy het na die optog van die H.N.P. in Johannesburg verwys, en gesê:

„Die regering is vasbeslote om wet en orde te handhaaf, maar hy is net so vasbeslote dat enige ding wat slegte gevoelens kan verwek, vermy moet word."

GEEN REG

Dr. Colin Steyn mag die mag besit om die volk weerloos te stel teen gewelddadighede soos ons in Johannesburg aanskou het, **maar die reg om die volk te belet om homself teen oproer te beskerm wanneer die regering ongeneë is om dit te doen, het hy sekerlik nie. Blykbaar sal niemand anders as die kommuniste uiteindelik toegelaat word om optogte en openbare vergaderings wat deur uitheemse elemente aanstootlik gevind word, te hou nie.**

Ongelukkig het die H.N.P.-politici vir die volk en nou ook vir hulself die stryd teen dr. Steyn se voorgestelde tirannie baie bemoeilik deur hul onbedagsame en kleingeestige aanvalle op die O.B. se wenk vir die stigting van afweergroepe 'n paar maande gelede. Hulle het die regering van die nodige ammunisie voorsien om nou teen hierdie selfverdedigingsmaatreëls op te tree.

Dr. H. F. Verwoerd, redakteur van Die Transvaler, het indertyd met verwysing na die K.G. se wenk o.a. as volg gesê:

„As hierdie selle sou ontstaan, sou die plan selfs verder kan lei as broedertwis, naamlik tot by broedermoord . . . . Laat ons nou al met alle mag keer dat soiets ooit sal kan gebeur."

AANGEMOEDIG


En Die Burger het in 'n hoofartikel die regering selfs aangemoedig om daar 'n stok voor te steek, soos hy tans voornemens is om te doen t.o.v. die H.N.P. se eie groepe.

„Nou word wel gesê dat die optrede van hierdie groepe verdedigend sal wees," het die blad betoog, **„maar die beste verdediging is dikwels om aan te val. Waarop so'n beleid dus in die praktyk sal uitloop, is georganiseerde geweldpleging. Geen staat durf so iets toelaat en geen beskaafde gemeenskap kan so iets duld indien hy nie chaos wil sien ontstaan nie."**

In hul blinde haat teen die O.B. het hierdie politici die regering 'n stok in die hand gedruk om nou hul eie afweer-groepe in die ban te doen, wat hulle nou erken tog noodsaaklik is. Geen wonder dan ook dat regeringsblaaie, soos die Cape Argus, H.N.P.-politici se woorde aanhaal om hul eie skepping te veroordeel nie!

**So het die partypolitici vir die soveelste maal sy eie doel in die wiele gery weens die kleinlike twis en foutvindery wat dit noodwendig met hom meebring.**

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



J. G. SCHEEPERS.

Tans van Dundee, Natal. Was voorheen in S.A. Polisie te Marshallplein. Op 8 Januarie 1942 geïnterneer en op 6 Mei 1944 uitgelaat.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# OGIES IN DIE NUUS

### RASSESUIWERHEID

By geleentheid van 'n bespreking oor Jode-vervolging en ander verwante vraagstukke deur 'n groepie Jode en ander persone in Kaapstad, het rabbi Abrahams as volg geantwoord op 'n vraag of ondertrouery tussen Christene en Jode nie 'n oplossing bied vir die anti-Joodse vraagstuk nie:

„Die Jode glo dat hulle iets het om aan die wêreld te lewer deur middel van hul kultuur. Slegs deur die handhawing van hul rasse-suiwerheid kan daardie kultuur voortbestaan."

Indien die Jode, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die agitasie vir uitwissing van rasse-grense in ons land, maar wil besef dat ander volke ook aanspraak maak op 'n bepaalde roeping, sal hulle hulself miskien baie minder aanstootlik maak.

### VOLKOME EENS . . . EN TOG!

Die opposisieparty het die sterkste afkeuring vir die kommunistiese wanordelikhede uitgespreek, en verskillende „mosies" op sy kongres daaroor geneem. In 'n onderhoud met genl. Smuts het laasgenoemde ook sy afkeuring oor hierdie oproermakers uitgespreek, en dit as „'n baie ernstige verbreking van die openbare orde" beskou.

Twee dae lank het die oproer egter ongehinderd voortgeduur ondanks partypolitieke afkeurings en uiteindelik moes een party vlug. Sien die volk enige heil langs hierdie weg?

### VREES VIR EIE SKEPPING

Die vreeskompleks by H.N.P.-politici dreig om sy kop uit te steek ten opsigte van 'n pas gestigte jeugorganisasie. 'n Afgevaardigde op die kongres in Johannesburg het met verwysing na die Nas. Jeugbond gevra of die landswye uitbreiding daarvan nie tot dieselfde gevaar kan lei as die O.B. nie.

Dr. Malan het hom egter gerusgestel met die versekering dat die leier van die Jeugbond ook die leier van die senior party is, en dat laasgenoemde verteenwoordiging het op die bestuur van die Jeugbond.

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 3)

### MET DUITSE FABRIEKE SIEN BRITTE KANS

Duitsland word tans kaal gestroop deur die Geallieerde „bevryders" wat die Duitse volk moes gaan red het uit die „tirannie" van Hitler — hul eie gekose leier. Van kamerstelle tot veldmaarskalkstawwe word deur soldate en offisiere geroof uit die private eiendomme van individuele Duitsers. Van amptelike kant word Duitsland beroof van sy nywerheidsmasjinerie. So is verlede week nog berig dat die Geallieerdes opdrag gegee het aan Duitse burgemeesters om vyf groot fabrieke af te breek en na Amerika en Engeland te stuur as skadevergoeding.

Nou kom daar 'n berig uit Londen dat die Britte voornemens is om die wêreldmark vir horlosies te verower — klaarblyklik met Duitse masjinerie. **„Die belangrikste doel van die onderneming", so lui die berig, „is om die groot uitvoerhandel, wat voorheen deur Duitsland en Japan, en in geringer mate deur Amerika en Switserland, beheer is, te verower".**

Nog 'n oorlogsdoel is dus blykbaar verwesenlik: Duitsland se horlosienywerheid is oorgeplaas na Engeland om voortaan geld in te bring vir Engelse in plaas van Duitsers! Die Britte sien nou kans om te kompeteer met die Duitse koekoek-horlosies wat hul enigste vergunning is om nog te vervaardig, hoewel blykbaar sonder masjinerie.


G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

SCHOEMANELLO DRANK . . .

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissie | Per gelling in vaatjies van 5 gels. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 3/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 9/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/8 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terugbesorg word. Weens bottelskaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Is U Al een van die 1,473 Aandeelhouers van Perskor?

Deur reeds £28,850 in Perskor-aandele te belê, het die publiek sy geloof en vertroue in ons Pers-onderneming bevestig.

Op 115,400 aandele van 5/- elk is vanaf Mei 1945 ingeskryf.

NUWE RIGTING IN ONS PERSWESE vir verkondiging van NASIONALE EENHEID EN SOSIALE VOLKSORG en verdediging van CHRISTELIKE BLANKE BESKAWING.

Pers-Beleggingskorporasie Bpk.

Groote Kerkgebou 701 — Posbus 1411 — KAAPSTAD

# KLUG VAN PARTYPOLITIEKE NAYWER

## Geweld Dwing H.N.P. Van Koers Binne 4 Maande

## Krul Nou Onder Eie Sambok

**Die partypolitiek bied 'n baie vermaaklike kringloop — indien 'n mens maar net vir die oomblik kan vergeet dat hierdie bose kringloop die volk aan baie gevare blootstel en sy vooruitgang ontsaglik belemmer.**

**Politieke partye moet van mekaar verskil, anders kan hulle nie behoorlik teen mekaar veg nie. Net soos die voetbalreëls vereis dat die een span in teenoorgestelde rigting as sy teenstander moet beweeg, ten einde die spel te laat vlot, so ook moet partye hul programme van beginsels radikaal van mekaar laat verskil — altans vir solank die teenstander daardie punte in sy program beklemtoon. As die een vandag „wit" sê, oordonder die ander hom met „swart". More is dit in sy oë nog nie te laat of selfs te vroeg om op sy beurt weer „wit" te skreeu indien dit vir hom meer voordelig lyk nie.**

'n Treffende voorbeeld van hierdie politieke spel vind ons in die stryd teen die kommunisme. Toe die O.B. 'n paar maande gelede by monde van sy Kommandant-generaal praat van „afweergroepe" wat tot stand sal kom om kommunistiese geweldplegings die hoof te bied, het Die Burger as volg daarop gereageer:

„Watter paniekbeleid! begryp jou aan dat die kommunistiese gevaar in ons land nou verwyder moet word deur kommuniste op straat die skedels in te slaan! Nou word wel gesê dat die optrede van hierdie groepe verdedigend sal wees, maar die beste verdediging is dikwels om aan te val. Waarop so 'n beleid dus in die praktyk sal uitloop, is georganiseerde geweldpleging.

„Geen staat durf so iets toelaat en geen beskaafde gemeenskap kan so iets duld indien hy nie chaos wil sien ontstaan nie.

„Dr. Van Rensburg probeer sy voorstel regverdig deur te verklaar dat die Regering niks doen en dat van die Regering niks te verwag is nie. Het die totaal onhoudbare van sy standpunt hom nie getref nie? Aan die een kant beskou hy die kommunistiese gevaar so ernstig dat hy mense die wet in eie hande wil laat neem omdat die Smutsregering niks doen nie. Aan die ander kant is dit sy beleid om te voorkom dat hierdie Regering van die kussings gelig word . . . . (Kyk ons hoofartikel.—Red. Die O.B.)

„Die manier om die kommunistiese gevaar te bestry, is nie om die wet in eie hande te neem nie. Die manier om te werk te gaan, is om langs wettige weg 'n regering daar te stel wat handelend sal optree. Dit kan vandag alleen 'n H.N.P.-regering wees." (Die Burger 25 Mei 1945.)

### STAATSOPTREDE GEVRA

Soos uit die aangehaalde artikel blyk, het die O.B. 'n onvergeeflike misdaad begaan deur te praat van die totstandkoming van afweergroepe om kommunistiese geweldpleging die hoof te bied. **Die staat is selfs aangemoedig om dit „nie toe te laat nie" en die gemeenskap moes dit „nie duld nie".**

Maar 'n paar maande later ondervind die H.N.P. aan eie lyf die geweld van die kommuniste — iets wat die O.B.-leier voorsien het, en wat sy versiendheid om 'n volksramp te voorkom, pragtig bewys — en toe gaan die H.N.P.-leiding self oor om afweergroepe te stig wat hulle „strydspanne" noem.

Hierdie wyse stap in die omstandighede word op sy beurt nou weer die skyf van die regerende party. So skryf Die Suiderstem onder datum 25 September — wat 'n samevalling van datum! — as volg:

„Maar waar die Gesuiwerdes nou ook besluit het om sogenaamde strydspanne te organiseer wat op alle vergaderings van die party soos stormtroepe kan optree, raak hy die kern van ons demokratiese stelsel, en dit is 'n ontwikkeling wat ons beslis nie kan gedoog nie . . . .

### SELFDE TAAL

„Dit geld hieruit dat 'n demokratiese gemeenskap voortdurend 'n wakende oog moet hou oor enige verwikkeling wat dwang en geweld in die openbare lewe kan veroorsaak. Geweld skep steeds meer geweld net soos dwang tot verset, botsings en onderdrukking lei . . . . Ons sê beslis en in die volle besef van ons verantwoordelikheid teenoor ons demokratiese staat dat die Regering onmiddellik daarteen moet optree."

En op 26 September kom Die Burger met sy verweer — omtrent dieselfde as wat Die O.B. vier maande gelede teen Die Burger moes aanvoer — en verklaar woordeliks:

„Want watter alternatief bestaan daar in die huidige omstandighede vir die Nasionaliste? Al alternatief is dat hulle soos voor die Uniale kongres met lede oë moet toesien hoe die gepeupel in Johannesburg openlik en onbeskaamd tot geweldpleging opgerui word sonder dat die Regering 'n vinger verroer het om die straatskendery in die kiem te smoor; dat die Nasionaliste hul politieke byeenkomste gedwee afstel of vroegtydig afsluit indien hulle nie die skyf vir die bottels en die bakstene en die knuppels en die kieries van elke Kommunis en sy gevolg van straatboewe wil word nie. Al alternatief is verder dat die Nasionaliste hulle aan die diktatuur van die Kommunis en die straatgespuis van die Rand moet onderwerp en van hul demokratiese regte afstand doen indien die vrede nie verstoor moet word nie.

### „WESENLIKE GEVAAR"

„Laat ons maar reguit erken dat ons aktiewe, eie stappe tot selfverdediging as 'n ongelukkige ontwikkeling in ons politieke lewe beskou, al word die beskermingsmaatreëls tot die handhawing van orde op Nasionale byeenkomste beperk . . . . Georganiseerde boewery het inderdaad 'n wesenlike gevaar geword en nie, soos die Smutspers nou te kenne wil gee, omdat die Randse Nasionaliste hulle genoop voel om hul eie beskermingsmaatreëls te tref nie, maar omdat die Regering in gebreke gebly het om die kwaad by sy wortel te pak en die Kommuniste en hul aanhang te leer dat oproer nie betaal nie."

Indertyd het Die O.B. ook beklemtoon dat afweergroepe noodsaaklik word omdat die huidige regering met die kommuniste heul en nie in staat is om teen hulle op te tree nie. Ons het daarop gewys dat dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, terselfdertyd ere-hoof is van die kommunistiese organisasies. Van hom kan geen beskerming verwag word nie.

### MISKIEN OOK HULLE

En nou wag ons nog 'n paar maande of 'n paar jaar wanneer dit tot 'n botsing kom tussen die regeringsparty en sy kommunistiese bondgenote — 'n botsing wat weens sy slaafse aanklewing aan Europese politiek, eers te wagte kan wees wanneer Engeland en Rusland bots. Dan sal Die Suiderstem op sy beurt weer kla oor „die enigste alternatief" teen kommunistiese geweldpleging. Maar tans moet hy stelling inneem teen die H.N.P. omdat hy self teen beter weet in 'n geveg moet aanknoop op elke koppie en in elke vlakte waar voorposte van beleid ontmoet, net soos die H.N.P. vier maande gelede oor dieselfde saak stelling moes inneem teen die O.B. wat hy as 'n politieke teenstander beskou.

In 'n volksfront sou ons almal miskien eenders gevoel en gehandel het, en sou dit trouens miskien nie eens nodig gewees het om van afweergroepe of strydspanne te praat nie, aangesien ons gesamentlike bewind self sou opgetree het met staatsmiddele teen 'n gemeenskaplike gevaar.

STAATMAKER!



'n SANLAM-Polis is soos 'n bedrewe en ywerige handlanger wat omtrent oral vir u „'n hand kan bysit"—soos byvoorbeeld :—

- 'n Inkomste vir u oudag, wanneer u aftree.
- Gewaarborgde kapitaal vir u boedel, indien u vroeër al mog wegval.
- 'n Voorskot sonder rente, indien u 'n operasie moet ondergaan.
- 'n Veilige maar voordelige belegging vir u spaargeld.

Kan *U* so 'n staatmaker gebruik?

SANLAM

Hy is te vind by—

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD

7268-8

## VERJAARDAGKETTING

4 OKTOBER: Trina Weideman, Philippolis; Phillipus Degenaar, Frankfort; Louisa van Wyk, Rustenburg; Johannes Venter, Zoetdoorns; Francis Gouws, Port Elizabeth; Wessel Landman, Port Elizabeth; Gideon Steyn, Maribogo; D. S. Mynhardt, Maribogo; Yvonne Leonard, Eppingtuindorp.

5 OKTOBER: Abraham Janse van Rensburg, Clocolan; Anna Jacobs, Philippolis; Cathrina Engelbrecht, Bothaville; Lourens Erasmus, Van-Dykspruit; Nancy van Zyl, Paarl; Susara van Deventer, Pearston; Fransina Kriel, Wilgenhoutsdrift; Inez Eksteen, Franschhoek; Rudolf van Niekerk, Tarkastad; Pieter de Waal, Stellenbosch; Marietta Bekker, Hannekuil; John Taljaard, Goodwood; Frans Smit, Fraserburg; Berend Visagie, Witkop; Catherina Engelbrecht, Bothaville; E. H. Nieuwoudt, Maribogo; Hester Voges, Marchand; Anna Horn, Marchand.

6 OKTOBER: Johannes Eloff, Werkmetlus; Jan Heystek, Boshoop; Alida van der Merwe, Kakamas; Marieta Wagenaar, Kirkwood; Petronella Nel, Kirkwood; Gert Steyn, Karreedouw; Anna Nel, Aughrabies; Sannie Nortje, Gemsbokvlakte; Daniel Smit, Pearston; Barend Fourie, Observatory; Gusta Louw, Kampsbaai; Helena Wagener, Kirkwood; Steenkamp Vorster, Vredehoek; Ina Bredenkamp, Observatory; Anna Schroder, Bellville.

7 OKTOBER: Helena Fouche, Kommissiedrif; Cornelius Terblanche, Ganskuil; Martha Bekker, Kirkwood; Danie du Plessis, Marchand.

8 OKTOBER: Barend Koen, Wesselbron; Benjamin Hefer, Koedoeskop; Rita Liebenberg, Noorder-Paarl; Hanna Nel, Pearston; Jossie du Plessis, Sutherland; Rhinus Nortje, Sutherland; Helena Bieldt, Wolseley; Jan van Eck, Port Elizabeth; Schnettler de Wit, Tarkastad; Renier du Plessis, Witkop.

9 OKTOBER: Christoffel Prinsloo, Wesselbron; Hester Robertse, Moedwil; Maria Smit, Moedwil; Susanna van Tonder, Toekoms; Jacobus Malan, Huguenot, Jacob de Vos, Seepunt; George Viljoen, Port Elizabeth.

10 OKTOBER: Paul Lombard, Amalia; Beatrix Olivier, Beaufort-Wes; Helena van der Westhuizen, Kakamus; Rene Dempers, Noorder-Paarl; Johanna Malherbe, Vryburg; Christina Viviers, Wilgenhoutsdrif; Etienne le Roux, Franschhoek; Anna Burger, Brandvlei; Nesta Pol, Groot-Brakrivier; Denise Dowrie, Woodstock; Carel Coetzee, Wilgenhoutsdrif.

As 'n generaal sy manskappe skors, kan hulle nie meer vir hom veg nie. As 'n partyleier sy partylede uitskop, kan hulle nie meer vir hom stem nie.

